GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LAERSKOOL BOEREFORT
Tel: 012 335 2841 | Faks: 012 335 3945| Dept. Verwnr. 230789
De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, Pretoria, 0084
Posbus 31619, Wonderboompoort, 0033
E-pos: boeries@mweb.co.za |www.boerefort.co.za

# NASORGSENTRUM AANSOEKVORM

| 1 – LEERDERBESONDERHEDE (moet volledig ingevul word) | | |
|---|---|---|
| VAN: | DOOPNAME: | |
| NOEMNAAM: | GESLAG: M / V | GRAAD: |
| GEBOORTEDATUM: | HUISADRES: | |
| ID NOMMER: | | |
| MEDIKASIE: Ja / Nee<br>Spesifiseer: | | |
| ALLERGIEë: Ja / Nee<br>Spesifiseer: | | |
| VERANTWOORDLIKE PERSOON WAT KIND SAL KOM AFHAAL, OF GEKONTAK MOET WORD **INDIEN U NIE BESKIKBAAR IS NIE**: | Naam:<br>Sel nr: | |
| | Naam:<br>Sel nr: | |

| 2. OUER- / GESINSBESONDERHEDE (moet volledig ingevul word) | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TITEL: | | | | TITEL: | | | |
| VAN: | | | | VAN: | | | |
| VOLLE NAME: | | | | VOLLE NAME: | | | |
| NOEMNAAM: | | | | NOEMNAAM: | | | |
| ID NOMMER: | | | | ID NOMMER: | | | |
| BEROEP: | | | | BEROEP: | | | |
| WERKGEWER: | | | | WERKGEWER: | | | |
| WERKSADRES: | | | | WERKSADRES: | | | |
| HUISADRES: | | | | HUISADRES: | | | |
| POSADRES: | | | | POSADRES: | | | |
| TEL NRS: | W: | | | TEL NRS: | W: | | |
| | S: | | | | S: | | |
| GESINSTATUS: | Getroud | Geskei | Enkelouer | Hersaamgestelde | Stiefpa | Stiefma | Ander |
| | | | | | | | |

| 3. ANDER BROERS / SUSTERS WAT NASORGSENTRUM BYWOON | |
|---|---|
| **NAAM EN VAN** | **GRAAD** |
| 1 - | |
| 2 - | |
| 3 - | |
| 4 - | |

| 4. MEDIESEBESONDERHEDE | |
|---|---|
| HUISDOKTER: | PRAKTYK TEL NR: |
| MEDIESE FONDS: | LID NR: |
| HOOFLID: | AFHANKLIKE NO: |



**Parafeer Ouer / Voog 1: _____Ouer / Voog 2: ______**

# NASORGSENTRUM – NASORGGELDE

| **NASORGGELDE VIR 2025 BELOOP:**<br>**R870.00 per maand per kind oor 12 maande en Registrasiefooi met inskrywing van R150.00** |
|---|

Hiermee onderneem ek, ________________________________________________________________________________,

ouer / voog van ________________________________________________________________________________ om

1. Die nasorggelde stiptelik voor of op die 3de van eke maand ten volle te vereffen.

   **BAIE BELANGRIK**

   Ek verstaan dat indien ek dit nie stiptelik maandeliks betaal nie, my kind nie meer die Nasorgsentrum mag bywoon nie en my rekening aan die invorderaars oorhandig sal word, en ek verantwoordelik sal wees vir alle regskostes.

   Ek verstaan ook dat geen reëlings vir KWYTSKELDING OF VERMINDERING van Nasorggeld, laat betaling of eenmalige betaling aan die einde van die jaar getref kan word nie.

   **Ek verstaan dat ALLE GELDE ontvang, word eerstens vir skoolgelde, dan vir nasorggelde aangewend.**

   VOLLE nasorggelde is betaalbaar tydens skoolvakansie periodes al woon u kind nie nasorg by nie.

   Verder verstaan ek ook dat in die geval van ‘n egskeiding ek verantwoordelik bly vir die betaling van die nasorggeld al versuim die ander ouer om sy / haar gedeelte te betaal en dat my kind sy plek in die nasorgsentrum sal verloor as die rekening nie ten volle vereffen word nie

2. Ek onderneem om by die reëls van die Nasorgsentrum te hou en dat indien ek en / of my kind(ers) die reëls verontagsaam my kind(ers) nie verder toegelaat sal word nie. Laerskool Boerefort se reëls en dissiplinêre stelsel word ook by Nasorgsentrum gebruik.

3. Ek onderneem om een kalendermaand skriftelik kennis sal gee as my kind(ers) nie meer die Nasorgsentrum gaan bywoon nie.

4. Ek gee (toestemming __________ / nie toestemming nie __________), dat foto’s van tyd-tot-tyd by die Nasorgsentrum geneem mag word wat dien as bemarkingsmateriaal.

5. Leerder sal nasorgsentrum bywoon vanaf die _______________________(datum)

**VRYWARING**

Hiermee verklaar ek dat ons NIE die Skoolhoof, Beheerliggaam of Nasorgsentrumpersoneel verantwoordelik sal hou indien bovermelde kind die skoolgronde van Laerskool Boerefort sonder toestemming van die Nasorgsentrumpersoneel verlaat nie.

Ek bevestig dat bovermelde kind geheel en al die Nasorgsentrum op sy / haar eie risiko bywoon en dat nie ek of die kind enige eise sal instel teen die Nasoolsentrum, -personeel, die Beheerliggaam, die Skool of enige van hul werkers, vir beserings of skade wat die kind mag opdoen terwyl hy / sy in die sorg van die Nasorgsentrum is nie.

Getekende te _________________________ op hierdie _______ dag van _________________________ 20__

________________________________________ ________________________________________

**VOLLE NAME VAN OUER / VOOG1** **HANDTEKENING**

________________________________________ ________________________________________

**VOLLE NAME VAN OUER / VOOG2** **HANDTEKENING**

# NASORGSENTRUM INLIGTING

## 1. GELDE:

- R10440.00 per jaar (R870.00 x 12 maande) – **Vooruitbetaalbaar op die 1ste van elke maand.**
- Registrasiefooi van R150.00 is betaalbaar met registrasie elke jaar.
- Alle gelde is streng vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember
- Indien die gelde nie vereffen is nie sal u kind onmiddelik die nasorg moet verlaat totdat die volle rekening vereffen is.
- Gelde sluit in ligte middagete en vakansiesorg.
- Januarie is R1020.00 betaalbaar in die skool se rekening, sien besonderhede onder:

| **BANKBESONDERHEDE VAN SKOOL** | |
|---|---|
| Rekening naam: LAERSKOOL BOEREFORT | Bank: ABSA |
| Rekening nommer: 630-180-023 | Takkode: 632005 |

Gebruik asseblief die onderstaande as verwysing:

Rekeningverwysingsnommer / Van / Nasorg

U kry die Rekeningverwysingsnommer op u rekening – sien onder voorbeeld:

Rekeningverwysing: 12345 Nel
Mev X Nel
De Beerstraat 325
Wonderboom-Suid

## 2. DEELTYDSE KINDERS:

- Vir deeltydse kinders sal 'n dagtarief per middag gehef word of per dag vir voldag (gedurende vakansies).
- Per dag fooi beloop:
  - ✓ Voldag (06:00 – 17:30) R60.00 per kind per dag wat 'n ligte middagete insluit.

## 3. TYE:

- Die Nasorgsentrum funksioneer daagliks van direk na skool en sluit stiptelik om 17:30 gedurende die kwartaal.

Indien u kind(ers) nie teen 17:30 afgehaal is nie sal 'n boete van R50.00 onmiddelik betaalbaar wees, tensy u betyds 'n reëling in onvoorsiene omstandighede tref.

- Vakansietye open die Nasorgsentrum om 06:00 en sluit stiptelik om 17:30.
- Desember-skoolvakansie is die sentrum oop tot die laaste werksdag aan die 13de Desember en heropen die 2de Januarie.

## 4. ETES:

- 'n Ligte middagete sal daagliks direk na skool voorsien word. Gedurende die vakansie sal GEEN ontbyt voorsien word nie, slegs middagete.
- Sportdae sal leerders eers eet voordat hulle vertrek na byeenkomste

## 5. STUDIETYD:

- Verpligte studietyd van Maandag tot Donderdag is vanaf 14:00 tot 17:00. Tydens hierdie tye sal hulp en aandag aan die kinders se tuiswerk verleen word. Dit is egter nie die nasorgpersoneel se plig om tuiserk te kontroleer nie, u as ouer bly verantwoordelik om te kontroleer dat ALLE TUISWERK GEDOEN EN KORREK IS. Elke kind moet asseblief sy eie skryfbehoeftes en benodighede voorsien. Vrydae sal daar geen verpligte studietyd wees nie.
- Neem kennis dat rekenaarsentrumtyd ook ingesluit is by die Nasorggelde.
- Geen rekenaarsentrum tydens skoolvakansies.



**Parafeer Ouer / Voog 1: _____Ouer / Voog 2: ______**

**6. VEILIGHEID:**

- U word versoek om persoonlik u kind(ers) te kom afhaal en die register te teken dat u, u kind(ers) neem.
- Die Nasorgsentrumpersoneel sal weier om u kind aan enige ander persoon te oorhandig tensy u die nodige reëlings skriftelik met die Nasorgbestuurder tref.
- Vir die veiligheid van u kind(ers) word u versoek om die Nasorgsentrum skriftelik van al u kind se buitemuurse aktiwiteite in kennis te stel.
- Geen leerder mag buite op die sypaadjie vir hul ouers wag nie.

**7. DISSIPLINE:**

- Indien u kind hom / haar aan swak gedrag skuldig maak sal die personeel u kontak en indien dit nie verbeter nie sal u kind sy / haar plek in die nasorg verbeur.
- Gedragskode van leerders bly steeds van toepassing vir Nasorgleerders op die skoolterrein.
- Ongeruimdhede, voorstelle of klagtes, indien van toepassing, moet skriftelik geadreseer word aan die NASORGBESTUURDER by (boeries.klagtes@mweb.co.za).

**8. ANDER:**

- Klere moet asb. duidelik gemerk word en vra u kinders om hul klere in hul sakke te bêre sodat dit nie verlore raak nie. Die personeel neem geen verantwoordelikheid vir verlore klere en goedere nie.
- Skakel asb naskool bestuurder slegs in noodgeval aangesien selfone gedurende studietyd verbied is.
- Gr R tot 7 leerder se Nasorgterrein sal langs die tennisbane wees – 4 de Laan.



**Parafeer Ouer / Voog 1: _____Ouer / Voog 2: ______**

**TOESTEMMINGSVORM INGEVOLGE WET**
**OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

1. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder asook rekenpligte, gee toestemming dat:

a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags- en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

2. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

3. Ek/Ons stem vrywillig hiermee toe:

- Dat Laerskool Boerefort my en die leerder se persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel word, verwerk en gestoor mag word
- Dat die verwerking van inligting insluit die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Dat hierdie toestemming onmiddelik van krag sal wees en van krag sal bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Dat ek kennis neem dat Laerskool Boerefort persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgeweing en -beleide voorskryf.
- Dat die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.

4. Ek/Ons neem kennis dat ons die volgende regte het:

- Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak. Ál voormelde inligting word vervat in Laerskool Boerefort se POPI-beleid en kan bekom word by ons kantore.
- Die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal ouers/wettige voogde se inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van die ouers/wettige voogde of rekenpligtige se besonderhede egter verander, is dit die ouers/wettige voogde se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel sodat die skool rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- Die reg om toestemming terug te trek. Ouers/wettige voogde mag die toestemming wat hulle ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. Ouers/wettige voogde se terugtrekking moet skriftelik geskied en aan die Hoofinligtingsbeampte gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van ouers/wettige voogde inligting raak nie.

Deur die bepalings van hierdie toestemmingsvorm, gee ek/ons as ouer/s/wettige voog/de uitdruklik toestemming dat Laerskool Boerefort inligting vir bemarkingsdoeleindes mag verwerk, en verstaan ek/ons dat deur toestemming te gee, Laerskool Boerefort bemarkings-materiaal soos deur die skool verkies aan ons mag voorsien.

Deur die ondertekening van hierdie vrywaring stem u in met die inhoud van hierdie dokument. Indien u nie instem met die inhoud van hierdie vrywaring, word u versoek om asb. 'n skrywe te rig aan die Skoolhoof.

Handtekening van ouer/voog 1: ___________________________________ Datum: __________________

Handtekening van ouer/voog 2: ___________________________________ Datum: __________________

Rekenpligtige (indien nie ouer/voog): ___________________________________ Datum: ___________________

**VRYWARINGSVORM MET BETREKKING**
**TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL EN VIDEO'S**

Hiermee verleen ek/ons

Ouer/voog 1: __________________________________ en ouer/voog 2: ________________________________

van ____________________________ in Gr _____ toestemming aan Laerskool Boerefort, as openbare opvoedkundige

instansie, om foto's / beeldmateriaal / video's van my kind in hierdie skool te vertoon as deel van:

- Aktiwiteite/demonstrasies/projekte in die loop van klaskameronderrig of voorbeeldprojek-/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik is tydens opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensie, ensovoorts deur die skool geskep.
- Video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat moontlik op 'n televisiestasie uitgesaai mag word.
- Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word.
- Video-opnames/foto's van sport- en kultuurgebeure vir bemarkingsdoeleindes van die skool.
- Enige gedrukte publikasie dog nie beperk is nie tot, jaarboeke, kalenders, nuusbriewe, koerante, tydskrifte ensovoors.
- Die skool se webblad, enige sosiale media of elektroniese publikasies soos deur Laerskool Boerefort besluit.

Ek verstaan dat die doel van hierdie blootstelling is om prestasies te vier en skoolgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink. Let egter daarop dat geen identifiseerbare inligting, bv. ouderdom, klas ens. saam met die foto's/beeldmateriaal/video's sal verskyn nie.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in bogenoemde materiaal verskyn by die naam genoem mag word. Geen persoonlik identifiseerbare inligting van die leerders, buiten vir die naam en van (en moontlik ouderdomsgroep sou die publikasie verband hou met 'n sportsoort), sal saam met enige foto/beeldmateriaal/video's gebruik sal word nie.

Ek verstaan dat wanneer ek die skool sou voorsien van enige foto's/beeldmateriaal/video's vir publikasie doeleindes, die skoolbestuur hulle diskressie mag gebruik alvorens publikasie mag plaasvind. Sou die skool die foto's/beeldmateriaal/video's onvanpas vind hetsy kleredrag of tipe byeenkoms of vir watter ander rede ookal nie in ooreenstemming is met die skool se beeld/visie, dit nie geplaas sal word nie.

Ek verstaan verder ook dat die skool die reg het om my te versoek dat enige onvanpaste plasings op sosiale media verwyder moet word en ook die reg het om dit self te mag verwyder / aan te meld / dokumenteer.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat deur die skool gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word. Daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die leerders in enige publikasies.

Ek neem kennis dat sou ek myself nie wil onderwerp aan die sosiale media beleid van die skool of sou ek hierdie getekende vrywaringsvorm op enige stadium wil herroep, ek 'n skrywe moet rig aan die skoolhoof.

| | |
|---|---|
| ___________________________________ | ______________________ |
| Handtekening van ouer/voog 1 | Datum |
| ___________________________________ | ______________________ |
| Handtekening van ouer/voog 2 | Datum |

Geagte Ouers

**<u>INSAKE:  TOEDIENING VAN MEDIKASIE BY NASORG</u>**

Voltooi asseblief die vorm op bladsy 8 vir toestemming tot toediening van medikasie.

Dit is noodsaaklik dat u as ouer vir ons die toestemming verleen, so nie kan die toegewysde personeel nie medikasie aan u kind(ers) toedien in geval van nood nie.

Stuur asseblief so gou moontlik die **VOLTOOIDE VORM** aan die Nasorgbestuurder.

Boeries groete

**Mnr. L. Keet**
**Adjunkhoof**

Geagte Ouers en Voogde

Die uitdeel van medikasie aan leerlinge by die Nasorgsentrum is ‘n saak wat met versigtigheid en noukeurigheid hanteer word.  Die gevolg hiervan is dat ouers elke jaar opnuut oor die saak geraadpleek gaan word.

Voltooi asseblief hierdie vorm en besorg terug aan die Nasorgbestuurder.

Die Nasorgpersoneel mag soos hieronder gespesifiseerde medikasie toedien en nodige mediese hulp aan my kind bied:

NAAM VAN LEERLING: ________________________________________________ GR. _____

KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD: ________________________________________

KONTAKNOMMER IN GEVAL VAN NOOD: ________________________________________

MEDIESE FONDS: ___________________________________ LIDNO: ___________________

HOOFLID: NAAM EN VAN: ____________________________ SELNO: __________________

**Merk asseblief die gepaste blokkies duidelik:**

| **TOEDIEN VAN MEDIKASIE EN / OF MEDIESE HULP** | **JA** | **NEE** |
|---|---|---|
| Bactroban- / Germoline salf vir skrape en / wonde | | |
| Soutwater vir die skoonmaak van snye en / of skrape | | |
| Die aanwend van pleister en verbande | | |
| Die aanwend van ‘n spalk (deur ‘n persoon met nodige opleiding) | | |
| Die aanwend van ‘n driehoekverband (deur ‘n persoon met nodige opleiding) | | |
| Allergies vir bysteek:<br>Indien u kind allergies is vir bysteek – van watter aard ookal, is dit uiters belangrik dat u vir ons die nodige medikasie saamstuur. | | |
| Ander allergieë:<br>Is dit uiters belangrik dat u vir ons die nodige medikasie saamstuur | | |

| ______________________ | ______________________ | ______________________ |
|---|---|---|
| **NAAM VAN OUER /VOOG 1** | **HANDTEKENING** | **DATUM** |

| ______________________ | ______________________ | ______________________ |
|---|---|---|
| **NAAM VAN OUER /VOOG 2** | **HANDTEKENING** | **DATUM** |